**25 APRIL** **SKRIFGEDEELTE: EKSODUS 23:14-19**

**FOKUSGEDEELTE: EKSODUS 23:19; PSALM 40:3- 4**

## Die allerbeste as offer aan God

Gee die allerbeste vir die Allerhoogste!

"Die beste uit die eerste opbrengs van jou lande moet jy bring na die huis van die Here jou God toe." In die konteks van Eksodus 23 word daar van drie feeste gepraat, naamlik Paasfees, Pinksterfees en die fees van die insameling. In ons teks word moontlik gepraat van Pinksterfees wanneer die eerste sekel in die koring gesteek word om dit te oes. Dit kan ook dui op die eerstelinge van die diere wat gebore word. Die beste van die eerstelinge word dan vir die Here gegee.

Die beginsel vir ons en Israel lê in die begrip *beste*. God is nie tevrede met tweedebeste nie, maar slegs met die allerbeste. God het ons die allerbeste van Homself gegee, naamlik Jesus Christus, sy eniggebore Seun. God het sy heel beste offer vir sy geliefde kinders afgestaan!

Ons moet ook as nuwe Israel met ons allerbeste antwoord op God se gawe aan ons. Mag ons die tyd uitkoop met alles wat ons het. Mag ons ons beste tyd, energie, gawes, geld, ja, ons álles vir die Here gee. Want wat ons is, is genade, en wat ons het, is geleen. Mag ons net ons beste gee vir die Here, ons allerbeste vir die Allerhoogste!

*Ds Kobus Erasmus (Alberton)*